



## JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016

# SA BOERPERD KAMPIOENSKAPPE & SKOUE / MERIETE

### PUNTE

Heleen Pope

Die eerste 6 maande van 2016 was voorwaar 'n besige tyd met 4 Streek Kampioenskappe en Horse of the Year wat binne 4 maande plaasgevind het (Februarie – Mei/Junie), met die Nasionale Kampioenskappe einde Junie. 'n Nuwe skou waar die SA Boerperd as ras teenwoordig was in 2016 is WC Horse of the Year in Junie. Die skou het uiteindelik eers in Julie plaasgevind nadat dit twee keer uitgestel moes word a.g.v. die uitbreek van AHS in die sfergebied.

'n Tendens wat bekommernis wek en wat indringend bespreek moet word, is die stelselmatige afname van deelname aan Streek Kampioenskappe oor die afgelope paar jaar. Koste om skoue aan te bied het geweldig gestyg en sonder genoegsame deelname en vrygewige borge word dit al hoe moeiliker vir van die streke. Hierdie afname in deelname kan ook toegeskryf word aan die ekonomiese toestand in die land en organiseerders van ons skoue poog voortdurend om dit so bekostigbaar as moontlik aan te bied vir lede deur kostes vir deelnemers tot op die been te probeer sny.

Drie van die Streek Kampioenskap skoue en twee ander SA Boerperd erkende skoue vind nou plaas gedurende groot en gevestigde Landbou Skoue en/of Perde Skoue wat kostes verlig en wat jaarliks min of meer op reeds vooraf vasgestelde datums plaasvind wat nie verskuif kan word nie.

- (1) Die WP Streek Kampioenskappe te Riversdal wat 'n veelrassige skou is en jaarliks plaasvind in Februarie.
- (2) Vrystaat Streek Kampioenskappe te Bloemfontein Landbou Skou word jaarliks aangebied aan die begin van Mei gedurende die tweede week van die skou en deel die arena met die SA Friesperde.
- (3) Die Royal Agricultural Show te Pietermaritzburg is vanaf 2016 die nuwe tuiste vir die Kwa-Zulu Natal Streek Kampioenskappe en vind jaarliks plaas aan die einde van Mei.
- (4) Horse of the Year in Gauteng vind ook jaarliks plaas in middel Februarie.
- (5) Horse of the Year WP sal jaarliks vir Junie geskeduleer word.

Die afgelope 2 jaar was die Nasionale Kampioenskappe einde Junie, begin Julie aangebied en is daar reeds 'n bespreking gedoen vir 2017 by die Afri-Dome vir die Nasionaal gedurende die skoolvakansie, wat 'n week later aanskuif in 2017. Die datums is vir die laaste week van die skoolvakansie bespreek en bevestig vir 17 – 22 Julie 2017.

Die enigste 2 skoue se datums wat kan skuif om Streek Kampioenskap Skoue meer eweredig te versprei gedurende die jaar is Mpumalanga- en Gauteng. Die Hoëveld Streek Kampioenskap (Mpumalanga) vind gewoonlik in Maart/April plaas maar die skou terrein te Ermelo is verkoop en daar is nog nie bevestiging verkry by die ontwikkelaars of die terrein wel nog beskikbaar gaan wees in 2017 nie. Gauteng Streek Kampioenskap wat in middel Augustus te Misty Meadows sou plaasvind het reeds verskuif na 1 – 4 Desember 2016 om so veel as moontlik deelnemers die geleentheid te gee vir deelname aangesien die skool-eksamens en ander buite skoue, waaraan die meerderheid lede in die streek deelneem, dan reeds ook afgehandel is.

## DEELNAME AAN SKOUE IN 2016:

### **WP Streek Kampioenskap: 17 – 20 Februarie 2017**

56 Perde (2 Buite perde vir Skouspring)

30 Telers/Eienaars

137 Inskrywings

#### **Beoordelaars:**

Albert Hertzog (Trad)

Sue Dittman (Univ)

### **Horse of the Year KEP: Vrydag, 19 Februarie 2016**

50 Perde

154 Inskrywings

25 Lede/Eienaars

#### **Beoordelaars:**

Riana Pretorius – In Hand

Rhode van Praat (Nederland) – Ry- en Tuig klasse

### **Mpumalanga Streek Kampioenskap: 30 Maart – 2**

**April 2016**

96 Perde

28 Telers/Eienaars

286 Inskrywings

#### **Beoordelaars:**

Theunis Pretorius

Sarita Meiring

### **Vrystaat Streek Kampioenskap: 2 – 5 Mei 2016**

51 Perde

24 Telers/Eienaars

186 Inskrywings

#### **Beoordelaars:**

Clare Marcus-Maloney (Univ)

Dirk Odendaal – In Hand

Danny de Souta (Trad)

### **Kwa-Zulu Natal Streek Kampioenskap: 30 Mei – 1**

**Junie 2016**

28 Perde (7 Buite perde vir Ope Dresseer en Skouspring)

15 Telers/Eienaars

115 Inskrywings

#### **Beoordelaar:**

Riana Pretorius

## NASIONALE KAMPIOENSKAP: 27 Junie – 2 Julie 2016

### Inskrywings

243 Perde

70 Telers/Eienaars

860 Inskrywings

### Nasionale Skou-komitee:

Heleen Pope - Sameroeper

Petro Grové

AJ Burger

### Beoordelaars en Beamptes:

- Elmie Davel – In Hand (Univ) en Stervul
- Di Pieters - Ry Klasse (Univ)
- Theunis Pretorius (Trad) en Stervul
- Sias Horn (Trad) en Stervul
- Jaco Jonker (Trad)
- Judith MacLeod – Skouspring
- Alayne McClaine – Dresseer
- Justin O'Reilly – Dresseer
- Baanbouer – Brett Webber

- Baanmeester – Elmie Davel
- Versamelringmeesters – Bertha & Barend Dorfling
- Baanbeamptes – Margaux Roux (Univ), Pieter Naudé (Trad), Stenelle van Marle (Trad), Leon Combrink (Trad)
- Sekretaresse – Elize Prinsloo
- Aankondiger – Herman Buhman
- Rekenaar opname – Rita Ackerman
- Meet van hoewe – WP Klub – Pieter Gouws & helpers
- Versiering van Arena – Vrystaat Klub – Amanda Ludick & helpers
- Skouspring en Dresseer – Gauteng Klub – Petro Grové en Heleen Pope
- Fotograaf – Piet Scheepers van Elpita
- Video opname – Feesvoete
- Veeartse – Dr's Johan en Brigitte Wessels
- Mediese bystand – Mnr en Mev Pretorius
- Stal-indelings – Nic & Chantelle Jooste.

Baie dankie aan almal hierbo genoem, wat 'n uitsonderlike bydrae gelewer het om 'n suksesvolle skou te kon aanbied. Julle onbaatsugtige werk in die koue vir 6 dae word hoog op prys gestel. Ek wil graag vir Petro Grové uitsonder en haar spesiaal bedank vir haar bystand en hulp voor en gedurende die Nasionale skou, sy was voorwaar 'n steunpilaar en staatmaker! Baie dankie ook aan ons klas- en kampioenskapsborge vanuit ons eie geleedere. 'n Spesiale dank aan die Burgers familie wie se besigheid *BurGerS Equipment & Spares* 'n groot finansiële bydrae tot ons skou gelewer het.

Daar was geen appèl aangeteken nie en al die perde wat getoets was vir verbode middels was negatief gevind. 'n Rekord aantal van 116 Dresseer inskrywings was ontvang en ons het ook vir die eerste keer Elementary toetse aangebied om in die deelnemers se behoeftes te voorsien. Een van die nuwe Kampioenskap afdelings, Tradisionele Plesierperd, was swak ondersteun, ook gedurende die Streek Kampioenskappe, deur dat daar net 9 perde met 12 inskrywings ontvang was. Van die klasse in daardie afdeling moes gekombineer word aangesien daar net 'n enkel inskrywing per klas was. Voorheen was die Plesierperd 'n kwalifiserende klas vir die Tradisionele 3-Gang Ryperd afdeling en was die aantal inskrywings ontvang so groot dat die klas verdeel moes word in "pools" sodat uitdunne kon plaasvind. Die Vertoonperd afdeling is 'n sukses en word goed ondersteun.

Baie dankie aan al die vertoners en eienaars vir die toepassing van ons skoureëls, goeie sportmangees en die hoë standaard wat hulle gestel het. Veels geluk aan al die 2016 Kampioene!

### **SKOU REKENAARSTELSEL (Quadrat Plan)**

Die ontwikkelaars van die program is deurentyd besig om dit te verbeter om dit te vergemaklik vir ons as verbruikers. Tydens die inskrywings vir die Nasionaal het ons ondervind dat lede vals profiele geskep het. Aangesien daar reeds 'n profiel van elke lid/teler, wat 'n eienaar is van 'n SA Boerperd, bestaan en dit direk van Logix af verkry is, het dit ekstra werk veroorsaak deurdat die vals profiele geskraap moes word en inskrywings op die korrekte profiele oorgedoen moes word. Perde word direk aan die eienaars gekoppel en u hoef dus nie ook perde te skep nie want dan word die oorspronklik geverifieerde koppeling gebreek. Ons wil ook graag 'n ernstige beroep doen op lede om te sorg dat geboorte kennisgewings en oordragte betyds gedoen moet word sodat dit verhoed kan word dat perde nie op die stelsel verskyn nadat data reeds af gelaai is vanaf Logix af nie.

### **MERIETE EN ERE-KLEURE**

Die verslag sal op 'n aparte dokument verskyn sodra die spertyd einde Augustus verstryk het en al die aansoeke vir Merietes ontvang is. Punte vir Ere-Kleure word outomaties verwerk.

### ***Heleen Pope***

RAADSLID: Skoue & Merietes